## BOEKBESPREKINGS

DE PASTORALE BRIEVEN, uitgelegd door dr. Herman Ridderbos, J. H. Kok Kampen 1967.

Hierdie werk is nog 'n deel in die reeks Commentaar op het Nieuwe Testament, en is 'n welkome aanvulling op die reeds bestaande kommentare op die Pastorale Briewe.

Die formele afwerking en aanbieding van die werk laat niks te wense oor nie en is stewig en goed gebind.

Oor die inhoudelike aspek kan daar seker 'n hele aantal opmerkings gemaak word. In sy geheel getuig die werk van die vakkennis van die outeur en is die lees en gebruik van die werk sekerlik sonder voorbehoud aan te beveel.

Die werk dra 'n sterk behoudende karakter en kan dit selfs as konserwatief getipeer word, sodat die leser nie oorval word met 'n aantal stellings wat nie bewys word of waarskynlikhede wat uiters onwaarskynlik is nie.

Veeleerder is getrag om die feite soos dit spreek uit die Skrif op 'n redelik objektiewe wyse aan te bied en te verklaar. Dit is ook so dat sommige aspekte wat tot dispuut aanleiding kan gee so hanteer is dat daar nie oor getwis hoef te word nie. Daarom is die kommentaar deurgaans ter sake sonder dat daar te breed uitgewy word oor die verskillende sake wat ter berde gebring word in die Pastorale Briewe.

Ek wil graag ook die aandag vestig op die aantekeninge in die teks wat die werk van hoogstaande gehalte maak.

Die Pastorale Briewe handel by uitstek oor die bestryding van die dwaalleer en — leraars en die inrigting van die gemeentelike organisasie. Indien die outeur dus by wyse van inleiding 'n hoofstuk oor die dwaalleer en die metodes van die dwaalleraars, bygewerk het sou die waarde van die werk aansienlik verhoog gewees het, veral as dit vergelyk kan word met die leer en werkswyse van die dwaalleraars in die ander gebiede soos ons dit ook verder aantref in die Skrif.

Die organisasie van die gemeente is 'n ander belangrike grootheid in die Briewe. By die behandeling van die begrippe word te veel as bekend veronderstel en aanvaar.

Om 'n voorbeeld te noem: Die werk verwys na die oudstes. Oor die ontstaan en funksie word of niks of weinig in die Briewe gesê. Die outeur kan dan tereg daarop wys dat dit ingestel is n.a.v. die Israelse ekwivalent. Maar wat is nou die Israelse ekwivalent, wat het hulle gedoen ens? Die hanteerder van die werk sal dus verder moet gaan soek.

Die outeur is ook baie versigtig met sy hantering van die diakens. In die kerklike kringe waaruit die H. T. S. voortkom is daar al geruime tyd vrae gevra oor hierdie ampsdraers en dit is teleurstellend dat daar nie nuwe lig op die onderwerp kom van Ridderbos nie. Sy terloopse verwysings na Hand. 6 bevredig ook nie.

Ek was aangenaam verras met die gedeelte wat gehandel het oor die vrou in die amp, en dit is in elk geval nugter en deeglik behandel.

Vir die bestudering van die Pastorale Briewe en vir deeglike eksegese van die teks, is hierdie werk egter beslis aan te beveel en ons is Ridderbos dankbaar vir die deeglike stuk werk.

Dr. D. J. Booysen.

---

**"POSTILLE 1967 - 1968"**, onder redaksie van die werkgroep „Kerk en Prediking" van die Nederlandse Hervormde Kerk. Dit is uitgegee deur Boekencentrum N.V.-'s-Gravenhage, beslaan 260 bladsye en kos ongeveer R2.60.

Die boek is netjies gebind, goed versorg en lees redelik maklik.

Hierdie negentiende jaargang van die Postille wil soos sy voorgangers die predikant tot hulp wees om verantwoord en suiwer te preek. Prof. G. Sevenster wat van 1949 tot 1966 voorsitter van die werkgroep "Kerk en Prediking" was het vanweë ouderdom afgetree en is opgevolg deur prof. A. J. Rasker. Onder die 23 medewerkers aan die boek is daar bekendes soos proff. A. J. Bronkhorst, A. J. Rasker en A. S. van der Woude.

Die inleidingsartikel handel oor "Prediking en Sacrament" opgestel deur dr. H. Schroten. Hierdie artikel bied 'n nugtere en suiwere beskouing oor die verbondenheid van prediking en sakramente en dr. Schroten toon verder op bybelse gronde aan dat die doop en besnydenis en die nagmaal en pasga onlosmaaklik met mekaar verbonde is. Hierdie artikel is baie verhelderend en opbouend en getuig van 'n grondige bestudering van die bybelse gegewens en enigeen kan dit met vrug lees.

Die preeksketse wat dan volg is gerangskik volgens die kerklike jaar beginnende by die eerste adventsondag 3 Desember en eindig met Sondag 24 November. Daar is ook 22 "preke" vir geleenthede soos die bediening van die doop, voorbereiding, nagmaal, danksegging, huweliksbevestiging, hervormingsdag ensovoorts. Daar is ook 'n waardevolle register van behandelde tekste in postilles 13 tot 19.

Elke gedeelte verantwoord die tekskeuse, gee 'n uitlegging daarvan en bied dan aanwysinge vir die prediking. Die uitlegging dui daarop dat die opstellers hulle veel moeite getroos het om moderne en ou skrywers na te slaan en hulle gedagtes weer te gee. Die werk is van goeie gehalte en sal vir elke predikant tot hulp wees in die voorbereiding vir die prediking. Diegene wat nie in die teologie geskool is nie sal by die uitlegging van die tekste moeite ondervind om die gedeelte te verstaan omdat heelwat griekse woorde en aanhalings in duits daarin voorkom.

Hierdie "Postille" word met vrymoedigheid aanbeveel daar dit prikkelend, opbouen en kort is en die doel dien waartoe dit geskryf is.

(W.G.) J. J. P. MÜLLER.

---

Prof. dr. P. J. ROSCAM ABBING, **Actuele Uitdagingen aan de Christenheid. Over Vragen die door onze Tijd aan het Christendom ter Beantwoording worden voorgelegd,** Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1967, 319 pp.

Die eksemplaar wat vir resensie aan my gelewer is, is 'n slapbanduitgawe. Ek weet nie of daar hardeband eksemplare beskikbaar is nie, maar die slapbanduitgawe is mooi gebind, pragtig gedruk, smaakvol, soos wat ons van Nederlandse Uitgewers gewoond geword het.

In die „Woord Vooraf" handel die skrywer heel interessant oor die hedendaagse uitdagings aan die Christenheid: Dat ons in 'n tyd met meer en moeiliker vrae aan die Christenheid as ander tye lewe, is 'n vraag. Wêreld en kultuur verander gedurig en skep steeds nuwe situasies wat van die Christenheid steeds nuwe besinning en beslissing vra. Die boek wat dan aan ons voorgelê word, handel oor sulke uitdaginge wat die hedendaagse kultuur aan die Christenheid rig. Die skrywer handel dan oor nege strominge in ons tyd wat ernstig om besinning en antwoord van die kant van die Christen vra. Reeds die wyse waarop die inhoudsopgawe aangebied word, is uiters interessant en prikkelend. Elke tema met die antwoord word gestel: 1. A-teïsme. — Oor die ge-

loof in God; 2. Relativisme. — Oor geloof as bely; 3. Humanisering en versaakliking. — Oor spiritualiteit; 4. Evolusie-teorie. — Oor die skepping van God; 5. Besef van kousaliteit en fataliteit, van vryheid en demonie. — Die voorsienige regering van God; 6. Absurditeit. — Oor die sin van die lewe; 7. Die nuwe moraal. — Oor Gods wil; 8. Welvaart. — Oor waaksaamheid; 9. Kommunisme. — Oor sosiale regverdigheid.

Dit is onmoontlik om elkeen van die temas hier te bespreek. Ek volstaan daarom met algemene opmerkings: Dat ons hier iemand aan die woord het wat 'n deeglike studie van die temas gemaak het, is baie duidelik. Die skrywer pak die probleme ook met nugterheid en eerlikheid aan. Hy probeer nêrens 'n probleem ontduik of 'n maklike oplossing te gee deur hom op die vroomheid van die gelowige Christenmens te beroep nie. Hy stel die uitdaging skerp en eerlik, bespreek dit van filosofiese en teologiese kant en gee dan 'n Skrifgefundeerde antwoord. Hoewel dit nie sy doel is nie, bring hy dikwels ook kortliks verkeerde filosofiese en teologiese antwoorde te berde, waarop hy dan ook baie kort die fundamentaliste, Bultmann, K. Barth (by wie hy ten spyte van kritiek tog sterk aansluit), Teilhard de Chardin, Hulsbosch en Dippel krities te berde bring voordat (en ook terwyl) hy die gedagte van die skepping deur God as antwoord op die evolusieteorie uiteensit.

In die „Woord Vooraf" sê die skrywer dat hy veral jeugverenigings van allerlei aard in die oog het. Dit is ook by ons so dat die temas wat hier behandel word, dikwels deur jongmense as probleme ondervind en gestel word. In hierdie opsig sal die boek ook vir ons in ons jeugwerk van baie groot waarde wees. Nogtans wil ek opmerk dat 'n redelike mate van ontwikkeling van die leser vereis word. Die predikant, jeugleier en ontwikkelde lidmaat behoort die boek egter met genot te bestudeer.

Ek wil die boek graag baie sterk by ons lesers aanbeveel. Die skrywer is in ons land bekend en baie hoog aangeskrywe en ook hierdie werk strek die skrywer tot eer.

P. S. Dreyer.

P. A. DE ROVER, **De Kerk op mars. Zendingsgeschiedenis. Vertel- en voorleesboek,** 2de druk, J. N. Voorhoeve, Den Haag, s.j. Dit is 'n dik boek van oor die 500 bladsye, pragtig gedruk op glanspapier, met 'n hele aantal foto-afdrukke, uitstekend en smaakvol gebind.

Die boek vertel die sendinggeskiedenis van die N.T. tot van-

dag. Die vorm van die vertelling is van so'n aard dat dit kan dien as vertel- en voorleesboek vir kinders. Dit bepaal ook die karakter van die inhoud: die stukke is meesal kort; om die stof te dramatiseer is die sendelinge almal vleklose helde en hulle teenstanders swarte skurke; om die klem op die offerbereidheid vir die sending te lê is die boek dikwels soetsappig.

Van al die sendelinge wat suidelike Afrika geken het, word net twee behandel, naamlik van der Kemp en Livingstone. Veral wat van der Kemp betref, word die stroop dik aangesmeer. Die rolbesetting verander hier ook 'n bietjie: die vleklose held is van der Kemp, die Hottentotte is die vleklose lammetjies en die Boere die skurke. Vir 'n geskiedskrywer is die skrywer baie onkrities (maar miskien moet ons nie die boek ten opsigte van sy historiese betroubaarheid beoordeel nie — die bedoeling is om propaganda te maak vir die sending). Die skrywer sou nooit dink dat 'n mens van der Kemp en Livingstone se verhale dikwels onder die motto moet lees (in Livingstone se woorde): „Vir Christus waag ek alles — behalwe die waarheid!" Dit geld spesifiek bv. die verhaal van die aanval van die Boere op van der Kemp se sendingspos (p. 304), wat van der Kemp uit sy duim gesuig het om gevoel teen die Boere op te sweep. Hy het baie sulke verhale uit sy duim gesuig, soos met die berugte Swarte Ommegang bewys is. Dit geld ook Livingstone: Sy huis is kwansuis deur die Boere verwoes (p. 314). Waarheid is dat die onskuldige Bantoe van Kolobeng rooftogte oor die grens in Transvaal onderneem het. Livingstone was onder andere 'n wapensmokkelaar wat hulle van wapens voorsien het (moontlik deel van sy sendingwerk). 'n Boere-strafekspedisie onder Paul Kruger het die Bantoe verdryf en Livingstone se huis binnegegaan, waar hulle 'n groot hoeveelheid wapens en ammunisie gekonfiskeer het. Die huis is nie verwoes nie. Dat die huis later, voor die terugkeer van Livingstone, deur sy vriende in Kolobeng gestroop is, is nie onmoontlik nie.

Dis 'n boek vir kinders bedoel. Ons kinders lees nie Nederlands nie en daarom sal die boek seker nie by ons baie aftrek kry nie. Volwassenes wat niks van die sendingsgeskiedenis weet nie, kan die boek gerus lees. Dit gee 'n kort oorsig oor die sendingsgeskiedenis wat vir 'n mens die magtige panorama van die Christelike Kerk se offers vir die verkondiging van die Evangelie open.

P. S. Dreyer.